

GOD, OSCAR EN ONS

Genesis 4

4 Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword. Sy het vir Kain in die wêreld gebring en uitgeroep: “Ek het ’n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!”

²Sy het weer ’n kind gekry, Abel, ’n broer vir Kain. Abel was ’n veeboer en Kain ’n saai-boer.

³Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land ’n offer aan die Here gebring. ⁴Abel het dit ook gedoen, van die eersteling uit sy kudde, van hulle vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, ⁵maar nie vir Kain en sy offer nie.

Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk.

⁶Toe sê die Here vir Kain: “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? ⁷Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie—die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.”

⁸Kain het met sy broer Abel gepraat, en toe hulle in die veld was, het Kain vir Abel oorweldig en hom doodgemaak.

⁹Toe vra die Here vir Kain: “Waar is jou broer Abel?” en Kain antwoord: “Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?”

¹⁰Maar die Here sê: “Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My. ¹¹Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het. ¹²Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal ’n doellose swerwer op aarde word!”

¹³Toe sê Kain vir die Here: “My straf is te swaar om te dra. ¹⁴U verdryf my nou van my grond af, en tot U het ek nie meer toegang nie. Ek sal ’n doellose swerwer op aarde wees, en wie my raakloop, sal my vermoor.”

¹⁵Maar die Here sê vir hom: “Nee! Wie vir Kain vermoor, sal sewe maal gestraf word.” Toe gee die Here vir Kain ’n teken sodat niemand wat hom raakloop, hom sou doodmaak nie.

¹⁶En Kain het van die Here af weggegaan. Hy het gaan woon in Nod, oos van Eden.

Drie vrae soek antwoorde:

- Hoe sien God gebeure soos die van Oscar?
- Hoe is dit moontlik dat ’n uitgesproke christen soos Oscar hierdie dinge kan beleef?
- Wat wil God deur gebeure soos hierdie vir ons leer?

Deur die bril van die Kaïn-gebeure kan ons dit beter verstaan.

1 DIE GROOTSTE KEUSE IS REEDS DEUR KAÏN SE OUERS GEMAAK (GEN 3)

2 KAÏN SE OFFERKEUSE (VS3-5)

3 KAÏN WORD DEUR GOD AANGEMOEDIG OM REG TE KIES (VS 5b-7)

4 KAÏN SE KEUSE RAAK ANDER INGRYPEND (VS8-13)

5 GOD SE GENADE IS GROTER AS KAÏN SE SLEGSTE KEUSE (VS 14-16)

VRAE: 1 HOE HELP HIERDIE KAÏN-VERHAAL ONS OM ANDERS TE KYK NA GEBEURE SOOS DIÉ VAN OSCAR ?

2 HOE HELP HIERDIE VERHAAL ONS OM ANDERS TE KYK NA ONS EIE LEWE ?

